1 PETRUS 4

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

Tema: KERSFEES – LEEF DIE VRUG VAN BEKERING

SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: 1 PETRUS 4:1-19

1 Petrus 4:1 OMDAT Christus dan vir ons na die vlees gely het, moet julle jul ook wapen met dieselfde gedagte, dat wie na die vlees gely het, opgehou het met die sonde,
1 Petrus 4:2 om die orige tyd in die vlees nie meer volgens die begeerlikhede van die mense te leef nie, maar volgens die wil van God.
1 Petrus 4:3 Want dit is genoeg dat ons die afgelope lewenstyd die wil van die heidene volbring het deur te wandel in ongebondenheid, begeerlikheid, dronkenskap, brasserye, drinkpartye en ongeoorloofde afgoderye.
1 Petrus 4:4 Daarom vind hulle dit vreemd as julle nie saam loop in dieselfde uitgieting van losbandigheid nie, en hulle laster.
1 Petrus 4:5 Hulle sal rekenskap gee aan Hom wat gereed staan om die lewende en die dode te oordeel.
1 Petrus 4:6 Want daarom is ook aan die dode die evangelie verkondig, sodat hulle wel geoordeel kan word na die mens in die vlees, maar lewe na God in die gees.
1 Petrus 4:7 En die einde van alle dinge is naby; wees dan ingetoë en nugter, om te kan bid.
1 Petrus 4:8 Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want die liefde sal 'n menigte sondes bedek.
1 Petrus 4:9 Wees gasvry jeens mekaar sonder om te murmureer.
1 Petrus 4:10 Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God.
1 Petrus 4:11 As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, sodat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en krag toekom tot in alle ewigheid. Amen.
1 Petrus 4:12 Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie;
1 Petrus 4:13 maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus, moet julle bly wees, sodat julle ook by die openbaring van sy heerlikheid met blydskap kan jubel.
1 Petrus 4:14 As julle beledig word oor die Naam van Christus, is julle gelukkig, omdat die Gees van die heerlikheid en van God op julle rus. Wat hulle betref, word Hy wel gelaster; maar wat julle betref, word Hy verheerlik.
1 Petrus 4:15 Want niemand van julle moet ly as moordenaar of dief of kwaaddoener of as een wat hom met die sake van 'n ander bemoei nie.
1 Petrus 4:16 Maar wanneer iemand as 'n Christen ly, moet hy hom nie skaam nie, maar God verheerlik in hierdie opsig.
1 Petrus 4:17 Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is?
1 Petrus 4:18 En as die regverdige nouliks gered word, waar sal die goddelose en die sondaar verskyn?
1 Petrus 4:19 So laat dan ook die wat volgens die wil van God ly, hulle siele aan *Hom* as die getroue Skepper toevertrou met goeie dade.

-o0o-

Ek wil julle baie ryklik seën in die Naam van ons Here Jesus Christus. Ek glo en vertrou dat dit goed met almal gaan. Mag die hierdie dag vir julle baie ryke voorsiening en voorspoed inhou. Mag die hand van die Here julle lei en help om die roeping te vervul wat voor julle lê.

Mense, ek wil julle graag bedien met 'n Woord wat die Here gedurende Desembermaand vir my gegee het. Wat my getref het, toe ek gedurende die sogenaamde Kerstyd in die omgewing van Hentiesbaai (Namibië) rondgekyk het, was hoe die mense verander het. Dit was amper asof hulle geestelike persoonlikhede 'n verandering gedurende hierdie feestyd ondergaan het. Dit was vir my verstommend hoe mense, ek wil amper sê, die Woord verloën om een met die wêreld te wees en wêreldse dinge aanhang.

Die Here het hierdie gedeelte vir my gegee en die hele situasie so mooi oopgebreek.
Hoe is ons as kind van God regtig veronderstel

- om te lewe,
- te funksioneer en
- Sy lig ten alle tye in die wêreld daarbuite uit te dra.

Ons beteken niks as ons nie, soos die Woord sê, standvastig is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is nie. Die boom is gevestig, gegrond en met sy wortels stewig in die grond geanker.

Ons kan nie vandag hier wees, môre daar en dan weer elders anders optree nie. Ons moet wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome en wat sy vrugte gee op sy tyd.

Psalm 1:3 En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.

-o0o-

1. LIEFDESOFFER

Onthou, toe Jesus Christus aan die kruis gehang het, is alle demoniese magte en al wat 'n sonde versoeking is, na Christus uitgestuur. Al wat satan moes regkry, was om Christus selfs net 'n geringe sonde of 'n sug van moedeloosheid, sou beteken dat Hy gesondig het.

- Christus was die liefdesoffer wat die Vader laat hang het aan die kruis vir ons: ***Want so lief het God die wêreld gehad...*** (Johannes 3:16)
- Hy was nie onder dwang nie.
- Dit was uit vrye wil.
- Hy het Homself daar laat vasspyker as 'n liefdesoffer van die Vader vir die mens.

As Hy net uit moedeloosheid oor die spotters en mense se onbegrip gesug het, sou dit sonde wees. Sy bloed was dan nie meer ewiglewende bloed nie, want dan sou satan 'n houvas op Sy bloed gekry het. Daardie bloedoffer sou dan niks beteken het nie en dan sou alles daarmee verlore gewees het!

Dit is waarom ek so baie hou van daardie ou Pinksterliedjie *"Tell me why, tell me why Jesus died on Calvary".* Die lied beeld uit hoe die wêreld gereageer het toe Christus tydens Sy marteling aan die kruis gehang het. Die voëls het opgehou sing en die blommetjies het hulle koppies laat hang. Die hele skepping het gewag en gehoop dat Christus sou oorwin. Selfs God se engele, wat nie kon ingryp nie, het gewag (asem opgehou) om te sien of Hy dit sou deurstaan.

- Onthou, Hy kon dit nie as God doen nie.
- Hy moes dit as mens vermag.
- God het Hom verlaat en kon Hom nie ondersteun nie.

Dit was dus 'n ontsaglike oomblik vir die hele heelal, wat in hoop en vertroue gewag het dat die Seun van God sou slaag. Die Bybel verklaar Hy is versoek op elke denkbare wyse. As mens het Hy in alle opsigte, in die volheid, gely. Hy het deur elke versoeking gegaan wat ooit na die vlees toe kon kom as mens.

-o0o-

2. NUWE SKEPSEL

1 Petrus 4:1 OMDAT Christus dan vir ons na die vlees gely het, moet julle jul ook wapen met dieselfde gedagte, dat wie na die vlees gely het, opgehou het met die sonde,

In Christus Jesus het ons die oorwinning behaal, sodat ons ook die begeerte na die sonde kan oorwin. Sodra ons sê ons is wedergebore in Christus Jesus, behoort daar eintlik nie meer 'n begeerte te wees om aan die sonde deel te hê nie. As ons vrygemaak is van die mag van sonde, behoort ons nie volgens die vlees te leef nie.

Ons is nie meer in die vlees nie. In Christus Jesus is ons 'n nuwe skepsel, omdat Hy die oorwinning volkome aan die kruis van Golgota behaal het.

1 Petrus 4:2 om die orige tyd in die vlees nie meer volgens die begeerlikhede van die mense te leef nie, maar volgens die wil van God.

As ons in Christus Jesus 'n **nuwe skepsel** is, behoort ons nie eers meer deur demone **gepla** te word nie. Ons het dan net een ding voor oë. Ons kan amper sê, soos Dawid gesê het: '*Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande*.'(Psalm 40:9)

Ons het nou die reg om die gedagte van om te sondig, te verwerp. Die tyd wat ons nou verder leef, het ons niks meer met die sonde te doen nie. Daar is nie demone binne-in ons wat begeerlikhede wek om te sondig of die vlees te behaag nie.

- Ons lewe nie meer nie maar,
- ***Christus Jesus lewe in ons.***
- Ons soek nou net die wil van God.

3. WÊRELDSE GEWOONTES

1 Petrus 4:3 Want dit is genoeg dat ons die afgelope lewenstyd die wil van die heidene volbring het deur te wandel in ongebondenheid, begeerlikheid, dronkenskap, brasserye, drinkpartye en ongeoorloofde afgoderye.

Ons het reeds genoeg tyd met die sonde deurgebring. Ons is nou al so daarvoor moeg, asook vir die gevolge en alles wat daarmee gepaardgaan. Ons moet op 'n punt kom waar ons niks meer daarmee te doen wil hê nie.

- Jy moet op 'n punt kom waar jy heeltemal klaar en moeg is vir sonde,
- Sodat jy ophou om *te wandel in ongebondenheid, begeerlikheid, dronkenskap, brasserye, drinkpartye en ongeoorloofde afgoderye.*

Ons het hierdie dinge in Desember gesien. Dit was vir my hartseer om te sien hoe kinders van die Here van gedaante verander en hierdie dinge weer aanhang. Die 25ste Desember is hulle dan so heilig met hul pakke klere aan, maar dan sit hulle nog met die vorige aand se babalaas.

- Dit gaan nie meer oor die werklike betekenis daarvan nie.
- Dit gaan nou oor die sonde wat daarby betrokke is.

Ek praat nie van gesinstyd nie. Ek praat daarvan om deel te wees van al hierdie dinge wat die wêreld bied.

- Ongebondenheid
- Begeerlikhede
- Dronkenskap
- Brassery

-o0o-

- Drinkpartye
- Ongeoorloofde afgoderye

1 Petrus 4:4 Daarom vind hulle dit vreemd as julle nie saam loop in dieselfde uitgieting van losbandigheid nie, en hulle laster.

Omdat ons nie meer een wil wees met hierdie wêreld en sy vuilheid, sy ongebondenheid, sy brassery, sy dronkenskap, sy drinkpartye en sy ongeoorloofde afgodsdiens nie, het ons al baie slae gekry

Onthou, soos hulle Kersvader, die kersboom en al daardie dinge vereer, is dit eintlik maar net ongeoorloofde afgodediens waarvan die Here praat. Ons wil nie meer deel wees daarvan nie. Nou *vind hulle dit vreemd* dat ons nie meer saamspeel nie. Hulle belaster, vervloek en verwens ons, want hulle kan dit nie verstaan nie.

1 **Petrus 4:5 Hulle sal rekenskap gee aan Hom wat gereed staan om die lewende en die dode te oordeel.**

So mense, al wat ek sê is dat ek en jy nie hierdie saak hoef te verdedig nie. Ons hoef nie verduidelikings te gee oor hoekom ons nie meer aan hierdie dinge deelneem nie. Skyn die lig van Christus Jesus en die oorwinning oor hierdie dinge.

4. LEEF IN OORWINNING

Ons keer terug na vers 1, omdat *Christus dan vir ons na die vlees gely* en oorwin het, hoef ek en jy nie meer hierdie dinge deur te maak nie.

Ek praat nie nou net van die Desember-tydperk nie, maar die hele verloop van die lewe, insluitend besigheidspartytjies. Jy hoef nie daaraan deel te neem of vir enigiemand 'n verduideliking te gee nie. Die Bybel sê duidelik dat mense jou sal belaster en bespot. Hulle sal dinge toevoeg soos: "O, jy is nou die heilige," of "julle loop nou met die Bybel onder die arm en is te hoogmoedig om saam met ons te kuier." Dit is glad nie waaroor dit gaan nie. Dit is nie omdat ons dink dat ons beter as hulle is nie. Ons net nie meer deel van hierdie wêreldse dinge nie, omdat ons nou van beter weet.

- Christus het ons vrygemaak.
- Christus het vir ons die oorwinning gebring.

Nou lewe ons, soos vers 2 sê, *volgens die wil van God*,

- sodat die wil van God deur ons geopenbaar kan word en
- Hy Sy heerlikheid deur ons kan uitstraal.

1 Petrus 4:6 Want daarom is ook aan die dode die evangelie verkondig, sodat hulle wel geoordeel kan word na die mens in die vlees, maar lewe na God in die gees.

Dood vir sonde

Hierdie gedeelte is 'n bietjie moeilik om te verstaan. Ek sien dit as *die dode* wat gesterf het vir die sonde. Dit is mense wat wel lewe, maar wat gesterf het vir die sonde.

- Ons is dood vir die sonde en vir die wêreld.

Dit is waaroor hierdie hele hoofstuk gaan. Dit gaan nie regtig oor die fisiese dood, asof mense klaar dood is en daar nou vir hulle gepreek word nie. Dit handel oor om die <u>wil van God te doen</u> en dit altyd, elke oomblik van jou lewe, te soek.

-o0o-

In plaas daarvan om vandag hierdie kant toe en die volgende dag anderkant toe wipplank te ry, soos die wind waai, moet jy vasstaan, volhard en standvastig wees.

Omdat ons vir die sonde dood is, is die evangelie aan ons verkondig. Ons het gesterf vir die evangelie. Ons het ons lewe neergelê. Ons kan ook as mens geoordeel word, maar ons het reeds gesien dat ons onskuldig bevind sal word, want daar is nie meer vlees nie. Ons is dood vir die dinge van die wêreld.

- Ons het net een doel voor oë en dit is om te lewe na God se Gees.
- Ons lewe volgens die **wil van God** (vers 2),
- maar ***lewe na God in die gees*** (vers 6).

Die volgende vers bevestig dit:

1 Petrus 4:7 En die einde van alle dinge is naby; wees dan ingetoë en nugter, om te kan bid.

Die oorwinning is naby.

Fokus

Fokus op dit wat moet kom. Dit is die wil van God dat ons in die Gees lewe (vers 2 en vers 6), sodat ons 'n gesonde verhouding met die Here kan hê.

5. GROOT GEBOD

1 Petrus 4:8 Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want die liefde sal 'n menigte sondes bedek.

Dit is die groot gebod wat Jesus ons geleer het toe iemand vra wat die groot gebod in die wet is.

Matthéüs 22:37 En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en jou hele siel.
Matthéüs 22:38 Dit is die eerste en groot gebod.
Matthéüs 22:39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

- Die tweede is gelyk daaraan ... en nie onderdanig nie
- Julle m**oet mekaar liefhê**
- ***want die liefde sal 'n menigte sondes bedek.*** *(1 Petrus 4:8)*

Dit maak nie saak wat iemand teen jou gedoen het of wat of waar nie.

As jy sê dat jy jou medemens lief het, sal jy nie eers meer dink aan enige sondes (oortredinge) wat hy teenoor jou gedoen het nie, ***want die liefde sal 'n menigte sondes bedek.*** Jy sal dan uitstyg in die lewe. Mense wat jou belaster het, sal jou later bewonder vir wie jy in Christus Jesus is, want jy dra die vrug.

- Jy dra die vrug wat by die bekering pas.
- Die vrug wat by bekering pas, is altyd vir almal aanvaarbaar.

Wag maar tot hy in die moeilikheid kom, dan sal jy sien na wie toe hy gaan vir hulp of raad. Hy hardloop nie na sy vriende (tjommies) toe saam met wie hy die dinge van die wêreld gedoen het nie. Hy sal jou nader want jy het die oplossing.

- Jy het die vermoë om hom te help, want jy dra die vrug van die bekering.

1 Petrus 4:9 Wees gasvry jeens mekaar sonder om te murmureer.

Dit is vanselfsprekend dat jy altyd gasvry moet wees.

-o0o-

6. DIENSBAAR

1 Petrus 4:10 Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God.

Onthou, ons is die liggaam van Christus Jesus en niemand het alles nie. Elkeen van ons het tekorte, maar elkeen van ons het ook oorskotte. Die Here gaan my en jou verbind met mense wat 'n tekort het aan dit waarvan jy of ek 'n oorskot het. So sal die Here ons gebruik.

- Dit is waarom jy jouself nooit in 'n posisie moet forseer nie.

As die Here 'n situasie of posisie op ons pad plaas, sal Hy dit aan ons openbaar. Daarom moet ons 'n gesonde liefdes- en gebedsverhouding met Hom hê.

Kom ek stel 'n eenvoudige voorbeeld. Jy sien iemand wat swaarkry, maar jy het nie die middele of vermoë om te help nie. Jy moet nou gaan bid en vra: "*Here, U het hierdie persoon se behoefte aan my geopenbaar. Wat moet ek daaraan doen*?". Die Here sal dan vir jou sê om 'n spesifieke persoon te kontak wat dalk kan help.

Daar was tye wat ons self ook maar min gehad het, nogtans het die Here het baie behoeftiges oor ons pad gestuur. Die Here het dan voorsien en beskik sodat ons daardie mense kon help. Ons hele bediening kan van sulke ervarings getuig. Dit is nie altyd jy self wat moet help nie - soms is jy net 'n kanaal wat skakel met iemand anders wat die vermoë of kennis het, wat kan help.

- So wil die Here die hele liggaam saamvoeg
- sodat ons almal die genadegawes wat in ons is,
- kan gebruik om mekaar te dien.

Wees Jesus vir die wêreld

1 Petrus 4:11 As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, sodat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en krag toekom tot in alle ewigheid. Amen.

Dit maak nie saak of mense op jou spoeg, vir jou skree, jou slaan, belaster of beledig nie. Dit is nie waaroor dit gaan nie. Jy is dood vir hierdie dinge. Dit kan jou nie meer raak nie. Jy lewe net vir die wil van God en om die Gees van God wat in jou is, uit te leef. Dit is al.

Wanneer jy daardie mense help, onthou ***as*** *iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen*

- Sodoende sal hulle almal Christus Jesus in jou lewe raaksien en sal Hy verheerlik word.
- Aan Hom behoort ***die heerlikheid en krag*** tot in alle ewigheid.

7. DIE VERSKIL TUSSEN BEPROEWING EN VERSOEKING

1 Petrus 4:12 Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie;

Hier wil ek net so 'n bietjie stilstaan.

Die *vuurgloed van vervolging* gaan kom, want dit staan geskryf, maar daarvoor moet jy dood wees vir die wêreld. Jou vel moet as't ware 'n bietjie gebrei word:

- sodat hierdie dinge jou nie beïnvloed nie,

-o0o-

- sodat jy net op die wil van God kan fokus.

Hierdie vervolging moet kom, omdat dit *tot julle beproewing dien*.

Ons het aan die begin (vers 1) gesê dat Christus vir ons gely het onder alle begeerlikhede van die vlees. Hy het daardeur gegaan en dit vir ons oorwin. Ons hoef dit nie nou self te oorwin nie. Ons het reeds die oorwinning oor daardie dinge in Christus Jesus. Satan kan ons nie meer werklik versoek nie.

➢ **Versoekings kom van satan**

- Versoekings is daar om jou te mislei en grondgebied te wen.
- Dit is daar om jou tot 'n val te bring,
- sodat satan weer mag oor jou lewe kan kry.

➢ **Beproewing kom van God.**

Die Bybel sê dat God niemand versoek nie, maar Hy beproef 'n mens. (Jakobus 1:2)

- 'n Beproewing is daar om jou te toets - sodat jy die toets kan slaag.
- Dit is daar sodat jy meer outoriteit en gesag kan verkry en - sodat jy bevordering kan ontvang.

God gaan jou beproef. Moenie verbaas wees as God jou beproef nie. Moenie dink dit is *iets vreemds* wat oor julle kom nie. Moenie dat dit jou onkant vang nie.

Jakobus 1: 2 AG dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val

1 Petrus 4:13 maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus, moet julle bly wees, sodat julle ook by die openbaring van sy heerlikheid met blydskap kan jubel.

Wanneer ons beproef word, kan ons die oorwinning daaroor met die hulp van die Heilige Gees behaal Dit gebeur juis sodat ons minder op onsself sal staatmaak en meer op die Heilige Gees, want ons het deel gehad aan die lyde.

Groei tot Volwassenheid

Ons kan nou jubel, juig en bly wees oor die lyding wat Christus vir ons deurgemaak het om die oorwinning te behaal (vers 1). Deur Hom het ons die oorwinning behaal oor die beproewings wat oor ons pad gekom het.

- Nou kan God deur ons lewe verheerlik word.
- Ons kan nou geestelik bevorder word.
- Nou streef ons na volwassenheid.

Dit word makliker hoe meer jy deur hierdie dinge beweeg.

1 Petrus 4:14 As julle beledig word oor die Naam van Christus, is julle gelukkig, omdat die Gees van die heerlikheid en van God op julle rus. Wat hulle betref, word Hy wel gelaster; maar wat julle betref, word Hy verheerlik.

In die begin van ons bediening, wanneer mense slegte dinge van my gesê het, het ek na my geestelike moeder gegaan en gesê: *"Ouma, hulle het dit alweer van my gesê. Ouma, ek het alweer 'n telefoonoproep gehad. Ouma, hulle het alweer dit en dat gedoen."*

Geestelike leiers, soos toordokters, het dit ook aan ons gedoen. Ons is deur die vuur. Ek het altyd simpatie by Ouma gesoek maar al wat Ouma vir my gesê het was:

"*Gabriel, dit is vleeslik.*
'n Skop en 'n soen moet dieselfde proe.
Solank daardie dinge nog seermaak, moet jy die Here vra om die vlees te verwyder, want daardie goed is nie veronderstel om jou te beïnvloed of te beheer nie."

-o0o-

Ons behoort nie daardie dinge te voel nie, daarom moet ons net daardeur gaan. Vandag sê mense steeds slegte dinge van ons. Godsdienstige stemme val ons nog steeds aan, maar dit raak ons nie. Ons dink nie eers meer twee keer daaraan nie.

As ons al hierdie oorwinnings behaal het, sê die Skrif dat ons in onsself bly kan wees. Ons leef in die oorwinning wat Christus Jesus reeds vir ons behaal het:

- Nou kan ons saam met Christus in oorwinning lewe.
- Ons leef volgens die wil van God en
- word gelei deur die Gees van God

Wanneer ons vers 2 en vers 6 saamlees, sien ons dat ons die oorwinning behaal om God te verheerlik.

Daar is geen groter geluk as om die oorwinning te behaal waarin julle julleself kan uitleef nie, *omdat die Gees van die heerlikheid en van God op julle rus*. Terwyl mense in die wêreld God laster en al hierdie dinge doen, word die Here onder ons verheerlik.

8. OORDEEL BEGIN BY DIE HUIS VAN GOD

1 Petrus 4:15 Want niemand van julle moet ly as moordenaar of dief of kwaaddoener of as een wat hom met die sake van 'n ander bemoei nie.
1 Petrus 4:16 Maar wanneer iemand as 'n Christen ly, moet hy hom nie skaam nie, maar God verheerlik in hierdie opsig.
1 Petrus 4:17 Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is?

Die oordeel moet eers by die *huis van God* begin, sodat satan nie 'n aanklag teen die Here kan lê nie. Die Here moet eers Sy eie huis oordeel en daarmee afreken (Sy eie dorsvloer skoonmaak). Eers wanneer Hy Sy eie huis gereinig het, kan Hy voortgaan om die res te oordeel of skoon te maak.

- Satan kan dan nie agterna God se huis bevraagteken nie.
- Die Here moet in alles verheerlik word.

Die oordeel moet eers *by die huis van God* begin voordat Hy dié oordeel wat die evangelie van God gehoor het, maar *aan die evangelie van God ongehoorsaam* was.

1 Petrus 4:18 En as die regverdige nouliks gered word, waar sal die goddelose en die sondaar verskyn?

As *die regverdige nouliks gered word* wys dit weer vir jou hoe fyn daardie lyn is. Die van ons wat op die aarde ly, moet dit aanvaar en daardeur gaan, om uiteindelik die vrug daarvan te dra.

9. DRA DIE VRUG WAT BY BEKERING PAS

1 Petrus 4:19 So laat dan ook die wat volgens die wil van God ly, hulle siele aan Hom as die getroue Skepper toevertrou met goeie dade.

Die ***goeie dade*** is die vrug wat jy lewe.

Dra die vrug van Christus Jesus~~,~~ elke dag van jou lewe.

Dit gaan vir jou 'n **prys** kos.
Dit gaan vir jou baie **nee 's** kos.
Dit gaan vir jou baie **beledigings** kos.

-o0o-

Dit gaan vir jou al hierdie dinge kos, maar hou goeie moed sê die Here. Ek het die wêreld oorwin

Johannes 16:33 Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.

Mag hierdie boodskap van 1 Petrus 4 vir jou baie seëninge inhou en jou op die pad versterk.

Mag dit vir jou ware lewensbrood en manna wees, sodat jy nie langs die pad van die honger beswyk nie.

My gebed is dat elke oor sal hoor wat die Gees van God aan die gemeente sê en dat dit jou sal opbou.

Mag hierdie saad op vrugbare grond val.

Die Here seën julle almal.

-o0o-

Galásiërs 2:20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

-o0o-